

1 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 14:7-14

Fokusgedeelte: Lukas 14:11, 14

Is jy ook 'n tafelbestormer?

Niemand hou daarvan om tweede viool te speel nie. Die wêreld waarin ons leef het ook geen simpatie met “verloorders” en gee geen troospryse aan dié wat tweede kom nie. Wie onthou nog die naam van enige silwer medaljewenner by die Olimpiese Spele? Van kleins af word ons kinders geleer om vir die sterre te mik. Ja, net die beste is goed genoeg: eerste in die klas, op die sportveld en verhoog ... dis ononderhandelbaar!

In ons gelese gedeelte gee die Here Jesus belangrike riglyne in dié verband. Hy stel hom aan tafel van 'n vooraanstaande man, 'n lid van die sosiale en geestelike elite. Natuurlik was daar 'n verskuilde agenda aan die uitnodiging. Die Fariseërs het mos alles probeer om Jesus in 'n lokval te lei in 'n poging om iets te kry waarvan hulle Hom kon aankla. Is dit dan vreemd dat 'n siek man ook uitgenooi is? Wat sou Jesus doen? Die Sabbat oortree deur die man gesond te maak en sodoende bewys lewer dat Hy geen agting het vir die wet en Joodse tradisies nie?

Sonder huiwering genees die Here die man. In die proses ontmasker Hy die skynheilige huigelaars en snoer Hy hulle die mond. Hulle kon Hom niks antwoord nie, tog het Hy baie vir hulle te sê gehad. Dis nie net die Fariseërs wat vir Jesus fyn dopgehou het nie, ook het Hy, die ware hartekenner, deur hulle bouse motiewe gekyk. Daarom volg die gelykenisse van die bruilof en van die voorste sitplekke.

Tafels in daardie dae was U-vormig met net een hoofsitplek aan die kop. Die bankies was lank genoeg vir drie mense om op te sit. Aan die kop van die tafel was die gasheer en links en regs van hom – op dieselfde bankie – die twee belangrikste eregaste. Verder weg van die gasheer het die genooies in orde van sosiale status aangesit – die geringstes dus die verste weg.

Almal wou graag eerste wees. Almal wou graag links en regs van die gasheer sit, of dan so na as moontlik aan hom. Ons kan onself voorstel dat daar in daardie dae heelwat tafelbestormers was wat graag die beste plekke vir hulleself wou toeëien. Om belangrik te voel en om deur ander raakgesien en geëer word vir hulle hoë posisie, was hoogste prioriteit.

In die gelykenis van die voorste sitplekke gee die Here meer as net 'n les in goeie maniere en sosiale etiket. Hy lê die grondbeginsels van God se koninkryk neer. Ja, in God se koninkryk werk dinge bietjie anders! Dié wat eerste wil wees, moet bereid wees om laaste te wees. Dié wat die hoogste geag wil word, moet bereid wees om hulleself te verneder. God se koninkryk is nie vir mense wat die tafel bestorm vir die ereplekke nie! Dis vir mense wat hulleself gering ag, weet dat hulle niks verdien nie en nederig voor Hom leef. *“Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word en elkeen wat nederig is, sal verhoog word”*.

In die Saligsprekinge is die geseëndes juis dié wat hulle eie geestelike bankrotskap erken, hartseer is, ja, treur oor hulle sonde, sagmoedig is en kinderlik afhanklik (nederig) voor

God leef. Dis die weg, die enigste weg, na die hemel! Die Fariseërs, ook ons, het nog baie te leer!

Sing: Psalm 131:1 (Totius)

Ds. CJ Nagel (jr) (Nylstroom)